

## 1. Waaroor gaan Advent?

Die kerklike jaar begin met Advent, die seisoen van verwagting. Dit begin op die vierde Sondag voor Kersfees en duur tot net voor Kersdag.

Van altyd af was daar by gelowige mense 'n verwagting dat God iets in hulle lewens en hulle wêreld moes doen. Hierdie verwagting kan in verskillende tye en vir verskillende gelowiges verskillende vorme aanneem. Kom ons noem 'n paar:

- Die verwagting dat God mense uit hul nood sal red. Dink maar aan Psalm 130.
- By ou Israel het daar mettertyd die verwagting ontstaan dat God 'n messias sal stuur wat tot die volk se redding sal kom.
- In aansluiting daarby wag ons tydens Advent op Kersfees, wanneer ons die koms van daardie messias, Jesus Christus, herdenk.
- Maar as volgelinge van Jesus wag ons ook nou op die duideliker verskyning van die koninkryk van God. Daarom bid ons die woorde wat Jesus vir sy dissipels geleer het: "Laat u koninkryk kom." Ons wil sien dat daar in hierdie wêreld meer tereg kom van die soort wêreld wat God vir sy kinders wil hê, waar mense volgens God se wil lewe sodat almal iets kan beleef van wat Jesus in Johannes 10:10 sê: "Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed."

- Dan is daar ook die verwagting dat Christus weer sal kom en dat daar ná hierdie lewe ’n bedeling wag waarin ons God se teenwoordigheid en God se koninkryk volledig sal beleef.

Deur die eeue het die gebruik ontstaan om tydens die vier Sondae van Advent telkens op een spesifieke saak te fokus wat saamhang met die verwagting wat Christene het dat God se koninkryk meer in hierdie lewe na vore sal kom. Hierdie vier sake - hoop, vrede, liefde en vreugde - is soos vier Kersgeskenke wat ons van God vra en ontvang, en wat ons vertrou dat Hy vir ons meer en meer van sal gee. Dit is soos vier bakens wat vir ons aandui dat iets van God se koninkryk hier gestalte begin kry. Dit is vier spesifieke sake wat inhoud gee aan ons verwagting dat God iets in ons lewens en in ons wêreld sal doen: Hy sal vir ons hoop, vrede, liefde en vreugde gee.

Dit is belangrik om iets meer oor elkeen van die vier temas te sê, omdat dit in die Christelike geloof dikwels ’n ander inhoud het as wat in die verbruikerskultuur waarin ons leef, daaraan geheg word.

Die Christelike **hoop** is ’n vaste vertroue dat God iets sal doen. Dit nie maar net ’n vae wens dat iets sal gebeur, soos dat my sportspan sal wen of dat iemand die lotto sal wen nie. As ’n mens dit nie verstaan as ’n soort sekerheid nie, dan is die woord “hoop” ’n misleidende woord. In die alledaagse spreektaal word die woord “hoop” dikwels gebruik as ’n aanduiding dat jy eintlik wens dat iets onwaarskynliks sal gebeur. In die Christelike gebruik van die woord “hoop” is daar baie meer vertroue dat God sal sorg.

**Vrede** word in die loop van wêreldgebeure dikwels gesien as die beëindiging of afwesigheid van geweld. Die Bybelse woord vrede gaan oor baie meer as net ’n afwesigheid van geweld. Die Hebreeuse woord “sjalom” wat in die Ou Testament gebruik word, sluit ook begrippe soos harmonie, heelheid en totale wylsyn in. Die Jode het mekaar met die woord ‘sjalom’ gegroet, met hierdie groet hulle vir mekaar totale welsyn toegewens, toegebid.  Die ou testamentiese mense het God se vrede gekoppel aan fisiese seën – goeie oeste en baie kinders. Maar die Nuwe Testament verstaan God se vrede (irene) anders.  Die nuwe testamentiese Christene het erken dat ons in ’n gebroke, sondige wêreld leef.  En dus kan die Here se vrede nie net aan fisiese seën gekoppel wees nie.  In die Nuwe Testament is die Here se vrede iets diepers.  Romeine 15 leer dat God ’n God van vrede is, ‘n God wat vrede tussen Hom en mense tot stand wil bring.

**Liefde** word in die alledaagse gebruik dikwels verskraal tot romantiese liefde. Soms word dit net ’n vae warm gevoel om die hart, ’n aangetrokkenheid tot iemand anders, of selfs bloot seksuele aangetrokkenheid of omgang. In Bybelse terme gaan

liefde om ’n diep omgee en besorgdheid vir ander mense. Dit is ’n besorgdheid wat veel verder gaan as emosie, maar wat iets doen om ander te help, wat opoffer ter wille van ander.

In die verbruikerskultuur word **vreugde** soms verwar met ’n soort adrenalieninspuiting. Vir Christene beteken vreugde iets anders. Vreugde is ’n diep tevredenheid en oortuiging dat die lewe saam met God inherent goed is. Dit help ’n mens om die mooi dinge in die lewe raak te sien en te waardeer. Dit is ’n waardering van God se betrokkenheid in hierdie wêreld.